# Direkte en Indirekte rede

## Graad 4: Afrikaans



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Direkte rede


In die **direkte rede** word die presiese woorde wat iemand gesê het neergeskryf.




Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Indirekte rede

Die **indirekte rede** vind gewoonlik plaas wanneer iemand op 'n ander tyd en 'n ander plek wil weet wat die persoon gesê het.




Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Direkte en indirekte rede



Kom ons sit nou die twee sinne bymekaar:

**DIREKTE REDE**

Mamma sê**:** “Jy **moet** jou veters **vasmaak**.”

**INDIREKTE REDE**

Mamma sê **dat** ek my veters **moet vasmaak**.

**ONTHOU**

DIREKTE REDE:
Ons gebruik ‘n dubbelpunt en aanhalingstekens.

INDIREKTE REDE:
Geen dubbelpunt of aanhalingstekens nie.






Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Nog 'n voorbeeld

## DIREKTE REDE

Jaco sê: "Ek **eet** 'n broodjie."

## INDIREKTE REDE

Jaco sê **dat** hy 'n broodjie **eet**.

Die werkwoord skuif na die einde van die sin.



Ek eet 'n broodjie.





Jaco sê dat hy 'n broodjie eet.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Wat doen 'n mens by 'n vraagsin?

**DIREKTE REDE**

Oupa vra: "Waar ***is*** my pantoffels**?**"

**INDIREKTE REDE**

Oupa vra waar sy pantoffels ***is*****.**

Die werkwoord skuif na die einde van die sin.









Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Wat doen ‘n mens by ‘n vraagsin?

**DIREKTE REDE**

Oupa vra: “**Het** jy my pantoffels **gesien?**”

**INDIREKTE REDE**

Oupa vra **of** ek sy pantoffels **gesien het.**

Die werkwoord skuif na die einde van die sin.



Het jy my pantoffels gesien?





Oupa vra of ek sy pantoffels gesien het.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Tyd

LAERSKOOL MIKRO

Die **tyd** van die werkwoord moet altyd **dieselfde bly**. Moet dus nie ‘n sin wat in die toekomende tyd geskryf is na die verlede tyd verander nie.

**Teenwoordige tyd:**

Pieter sê**:** “Ek **doen** my huiswerk.”
Pieter sê **dat** hy sy huiswerk **doen**.

**Verlede tyd:**

Pieter het gesê**:** “Ek **het** my huiswerk **gedoen**.”
Pieter het gesê **dat** hy sy huiswerk **gedoen het**.

**Toekomende tyd:**

Pieter sê**:** “Ek **sal** my huiswerk **doen**.”
Pieter sê **dat** hy sy huiswerk **sal doen**.



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Reëls vir skryf na die indirekte rede

**DIREKTE REDE**
Liam sê**:** “Ek ***is*** moeg.”

**INDIREKTE REDE**
Liam sê **dat** hy moeg **is.**



1. Haal die aanhalingstekens en dubbelpunt weg.
2. In die plek van die **:** kom ‘n **dat**.
3. Skuif die werkwoord na die einde.
4. Verander die voornaamwoorde bv. ek verander na hy.
5. By die indirekte rede mag ons sinne slegs met ‘n punt eindig.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Reëls vir skryf na die direkte rede

**INDIREKTE REDE**

Janco vra **of** hy my potlood **mag leen**.

**DIREKTE REDE**

Janco vra**:** “**Mag** ek jou potlood **leen?**”



1. Voeg aanhalingstekens en ‘n dubbelpunt by.
2. Vervang die **of** met ‘n **:**.
3. Skuif die werkwoord (hulpwerkwoord) na die begin.
4. Verander die voornaamwoorde bv. “hy my” verander na ek jou”.
5. By die direkte rede moet ons die vraagteken skryf.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Soms is daar ‘n naam in die sin

**DIREKTE REDE**

Albert sê**:** “**Jana**, ek **het** jou huiswerk by die skool **gekry**.”

**INDIREKTE REDE**

Albert sê **vir Jana dat** hy haar huiswerk by die skool **gekry het**.

**INDIREKTE REDE**

Juffrou vra **vir** die **klas of** iemand **siek is**.

**DIREKTE REDE**

Juffrou vra**:** “**Klas**, **is** iemand **siek**?”

Juffrou vra **vir** die **klas:** “**Is** iemand **siek**?”



Laerskool Mik Kopiereg ©